
1 DESEMBER 2024

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | ADVENT 1 : HOOP | JOH. 3:16



## EERSTE SONDAG VAN ADVENT 1 : HOOP

**HERE, HELP MY OM SOOS 'N KIND TE GLO.
HOU MY NUUSKIERIG GENOEG EN TEVREDE MET U.
MAG EK DIE GENADE ONTVANG OM U STORIES OOR TE VERTEL.
SKEPPERGEES, MAG EK BLY DROOM,
VAN 'N WÊRELD WAT ALTYD MOOIER EN BETER KAN WEES.
EN WANNEER EK TE GROOT EN TE STERK WIL RAAK,
KOM VOU U HANDE VAN LIEFDE EN TROU STYF OM MY LEWE VAS.
DIT IS MY HOOP, DAT EK DAARMEE TEVREDE SAL WEES.
AMEN!**

- DOLF DU PLOOY

# WONDERLIKE GESAMENTLIKE KERSSANGDIENS

Ons wil net dankie sê aan elkeen wat betrokke was by ons gesamentlike Kerssangdiens. Dit was so lekker om saam met Drakenstein, Agter-Paarl en Paarl-Vallei die Lig van Kersfees te kon vier. Ons waardeer elke persoon se bydrae en daar wees. Ons voel dat dit ‘n ongelooflike kosbare ervaring was.
Die gesamentlike gemeente Kerskoor was ook wonderlik gewees!





# KERSFEES PAKKIES DIEP & VER

Met dankbare harte het ons groepie die laaste keer vir die jaar gepak. Baie dankie aan elkeen vir die jaar se gewillige en oop hande en harte. So aan die einde van nog ‘n jaar se geseënde samewerking met Network for Christ, dink ons aan Elia en die weduwee van Sarfat. Die meel in die kruik en die olie in die vat het weereens nie opgeraak nie. In elke pak dié maand is ook ‘n lekker Kersfees verrassing.  Ons is dankbaar vir die gemeente en ander donateurs se mildelike bydraes wat Diep en Vêr volhoubaar maak.

# KINDERKLEINGROEPE IS KLAAR VIR 2024

Dit was ‘n goeie kwartaal vir die Kinderkleingroepe en mentors. Ons het hierdie kwartaal aangegaan met die jaartema van Boekklub en het verder na die stories van die Ou Testament gekyk.

Ons wil graag vir die Kinderkleingroep mentors baie dankie sê vir die tyd en energie en moeite wat ingesit word om ons kinders te bedien. Ons waardeer dit ongelooflik baie!

As jy dalk geroep voel om in die nuwe jaar ook as mentor te dien sal dit wonderlik wees. Kontak asb vir ***Jana (083 948 4233)***




## KERSFEES MET
# COENIE DE VILLIERS

Coenie kom kuier vir Kersfees in die Paarl.

Datum: **3 Desember 2024**
Tyd: **19:00**
Plek: **Toringkerk, Paarl**
Koste: **R150 per persoon**

***Kaartjies nou beskikbaar by www.tkmarkietie.co.za OF by die Kerkkantoor***





# GEMEENTE STORIES
## VIR FEESJAAR BOEK

Ons wil graag jou stories in die feesbundel plaas om 150 jaar van Toringkerk se bestaan te vier!

Deel asseblief jou spesiale stories, gedigte en foto's van Toringkerk.

Vir meer inligting kontak vir
***Sumien (083 585 6570)***

## GEMEENTERAADS POSISIES OOP
# KEN JY IEMAND?

Daar is twee posisies oop op die Gemeenteraad.

As jy graag iemand wil nomineer kry asseblief 'n vorm by die kerkkantoor of stuur vir Annelie 'n epos.

Vir meer inligting kontak vir
***Jana (083 948 4233)***



# dagboek

## DIE DATUM




**01** DES

### POPPEKAS

Toringkerk | 09:00



**03** DES

### KERSFEES MET COENIE


Toringkerk | 19:00



**25** DES

### KERSDAG

Toringkerk | 08:30



**19** JAN

### WELKOM TERUG

Toringkerk |09:00

# KANTOORBEAMPTE

WWW.TORINGKERK.CO.ZA | 021 872 6730

# KERKKANTOORBEAMPTE
# NED GEREF KERK, TORINGKERK

Toringkerk is in die hart van die Paarl, wat nou onlangs as stad verklaar is, maar wat nog steeds 'n plattelandse gevoel het. Die kerkgebou is in die middel van die dorp naby die CBD. Die Toringkerk familie is vir meer as 150 jaar 'n hawe van God se genade en omgee vir lidmate, besoekers, vreemdelinge en behoeftiges.

Die Kantoorbeampte verrig steeds die skribafunksies, maar vestig ook meer aandag op die werklike administratiewe ondersteuning wat verleen moet word aan die leraars. Hierdie laasgenoemde sou die opstel van afkondigings, opstel van kleingroepe materiaal, dagboek bestuur, die reël van huisbesoekrooster, ens. kon insluit. Hierdie posbekleër fokus op pligte soos gemeentebou, sosiale media, bemarking en beeldbou. Ervaring in Canva, Sosiale Media, Kommunikasie, Word & Powerpoint, organiserings sal voorkeur geniet.

**Vergoeding en voordele:** Onderhandelbaar, met sinodale skaal as riglyn. Hierdie is 'n 4/8 pos.

**Aansoek:** Aansoekers moet teen die sperdatum 'n volledige CV stuur aan die kerkkantoor: info@toringkerk.co.za
Dit staan aansoekers vry om 'n kort bekendstellingsvideo van hulleself in te stuur.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 16 Desember 2024
Diensaanvaarding: 1 Feb 2025.

*Navrae: Dawfré dawfre@toringkerk.co.za*

# FINANSBEAMPTE

WWW.TORINGKERK.CO.ZA | 021 872 6730

## FINANSBEAMPTE
## NED GEREF KERK, TORINGKERK

Toringkerk is in die hart van die Paarl, wat nou onlangs as stad verklaar is, maar wat nog steeds ‘n plattelandse gevoel het. Die kerkgebou is in die middel van die dorp naby die CBD. Die Toringkerk familie is vir meer as 150 jaar ’n hawe van God se genade en omgee vir lidmate, besoekers, vreemdelinge en behoeftiges.

Die Finansbeampte verrig ‘n skriba met ’n fokus op die finansies.

Ervaring in Xero, Netcash & Payspace sal voorkeur geniet.

**Vergoeding en voordele:** Onderhandelbaar, met sinodale skaal as riglyn. Hierdie is ‘n 4/8 pos.

**Aansoek:** Aansoekers moet teen die sperdatum ’n volledige CV stuur aan die kerkkantoor: info@toringkerk.co.za
Dit staan aansoekers vry om ’n kort bekendstellingsvideo van hulleself in te stuur.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 16 Desember 2024
Diensaanvaarding: 1 Feb 2025.

*Navrae: Dawfré dawfre@toringkerk.co.za*

BID • SIEN • DEEL

TORINGKERK

# KOSTERSPOS

WWW.TORINGKERK.CO.ZA | 021 872 6730

# KOSTERSPOS
# NED GEREF KERK, TORINGKERK
# (SOOS BENODIG)

Aansoeke vir die pos van die koster word tans by die kerkkantoor ingewag.

Pligte sluit onder andere die volgende in:

- Teenwoordigheid en verantwoordelikheidsneming ten opsigte van die geboue tydens funksies en gemeente aktiwiteite.
- Logistiese ondersteuning tydens funksies en gemeente aktiwiteite.
- Koördinering van gemeentelede wat op vrywillige basis by gemeentetake en -aksies betrokke is.
- Beskikbaarheid na-ure, asook tydens naweke en vakansies.

Die ideale kandidaat moet oor die die volgende bevoegdhede beskik:

- Basiese tegniese vaardighede.
- Vermoë om te organiseer.
- Vermoë om goeie menseverhoudinge te kan handhaaf.
- Vermoë om inisiatief aan die dag te lê.

Voorkeur sal aan ‘n lidmaat van die Ned Geref Kerk Toringkerk gegee word.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 16 Desember 2024
Diensaanvaarding: 1 Februarie 2025.
Meer besonderhede is by Dawfré Theron beskikbaar.

*dawfre@toringkerk.co.za | 021 872 6730*

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

| | |
|---|---|
| 1 Des | Lizelle Boetzkes |
| 1 Des | Hannie Jonker |
| 1 Des | Lizelle Krige |
| 1 Des | Marnus Maree |
| 1 Des | Marizaan Meyer |
| 1 Des | Liam Pieters |
| 1 Des | Ruben Swanepoel |
| 1 Des | Renate Wiese |
| 2 Des | Huimari Franken |
| 2 Des | L'zuné Gildenhuys |
| 3 Des | Mark Pelser |
| 4 Des | Karo Engelbrecht |
| 4 Des | Ian Kellerman |
| 4 Des | Jana Van den Munckhof |
| 4 Des | Mau Van der Mescht |
| 5 Des | Henning Booysen |
| 5 Des | Ruben Gelderblom |
| 5 Des | Charisna Groenewald |
| 5 Des | Marsha Schwartz |
| 5 Des | Adelinda Smit |
| 5 Des | Ida Uys |
| 6 Des | Rouxné Booysen |
| 6 Des | Jaymee Cooper |
| 6 Des | Marian de Wet |
| 6 Des | Mariska Nel |
| 6 Des | Daniël Van Rooyen |
| 7 Des | Ria Bester |
| 7 Des | Eugene Du Toit |
| 7 Des | Heinrich Groenewald |
| 7 Des | Burger Koegelenberg |
| 7 Des | Elna Mulder |
| 7 Des | Riaan Muntingh |
| 7 Des | Heleen Schreuder |
| 7 Des | Johannes van der Sluys |

# KINDERS & JEUG

**KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.6)**

Daar is Kinderkleingroepe hierdie Sondag. Dis Poppekas.

**KRUISCONNECT (GR. 7-10)**

KruisConnect is klaar vir die jaar. Sterkte met die eksamens.

**TIENERKERK (GR. 7-12)**

Geen Tienerkerk vir die res van die kwartaal nie.

# DEURKOLLEKTE

## SINODALE DEURKOLLEKTE: RADIO KANSEL

Radiokansel en Radio Kaapse Kansel is 'n onafhanklike, transkerklike en transkulturele Christelike multimedia organisasie met die Goddelike opdrag om die evangelie van Jesus Christus hoofsaaklik aan alle Suid-Afrikaners te verkondig by wyse van hoë kwaliteit radio- en televisieprogramme, publikasies, die elektroniese media en uitreikaksies, met die doel om orjgelowiges vir Christus te wen en gelowiges in hul Christelike geloof op te bou. Radio Kaapse Kansel kan op 729AM op DSTV Audiokanaal 882 geluister word asook op www.radiokansel.co.za, www.kaapsekansel.co.za en www.capepulpit.co.za
Laai die toep (CAPEPULPIT) af en luister op jou selfoon.

# KALENDERBORG 2025

AS JY 'N MAAND WIL BORG VIR ONS 2025 KALENDER, KONTAK ASB DIE KERKKANTOOR SOU GOU AS MOONTLIK.

# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### DIENSLERAAR: GEMEENSKAP & JEUG

Pos is tans vakant. Kontak gerus vir Jana of Dawfre.

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### AFLOSKOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### PROJEKKOöRDINEERDER

Sumien Symington | 083 585 6570 | projek@toringkerk.co.za

### TORINGKERK INLIGTING

Gebruik die QR kode hieronder om deel te raak van die Toringkerk Whatsapp gemeenskap en om die afkondigings op jou foon te kry.



# OFFERGAWES

## OFFERGAWES,MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

TORINGKERK ZAPPER

# TK WHATSAPP

## TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN BLY IN KONTAK METJOU TORINGKERK GEMEENSKAP VIA WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GROEP

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.